basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V2

## 2021

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie AFDELING. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: WAT WAS DIE REAKSIES OP DIE INSTELLING VAN AFRIKAANS AS 'N VERPLIGTE ONDERRIGTAAL IN SWART SUID-AFRIKAANSE SKOLE IN 1976?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wat, volgens die bron, was die oorsaak van die 1976-Soweto-opstande? (1 x 1) (1)

1.1.2 Haal enige TWEE skoolrade uit die bron aan waaruit die Tswana Skoolraad bestaan het. (2 x 1) (2)

1.1.3 Verduidelik tot watter mate jy met die kringinspekteur se regverdiging saamstem dat alle skoolvakke in swart Suid-Afrikaanse skole op 'n '50-50-basis' onderrig moes word. (2 x 2) (4)

1.1.4 Lewer kommentaar op die Skoolraad se reaksie op die instelling van Afrikaans as 'n onderrigtaal. (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Noem TWEE organisasies in die bron wat die Soweto-opstande beïnvloed het. (2 x 1) (2)

1.2.2 Verduidelik waarom die SASM die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal in swart Suid-Afrikaanse skole afgekeur het. (2 x 2) (4)

1.2.3 Definieer die konsep *boikot* in die konteks van die Soweto-opstande. (1 x 2) (2)

1.2.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die oorsake van die 1976-Soweto-opstande bestudeer. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Noem TWEE skole in die bron waar 'n groot skare bymekaar gekom het. (2 x 1) (2)

1.3.2 Skryf enige TWEE slagspreuke uit die bron neer wat die studente wat in Vilikazi Street bymekaar gekom het, gedreunsing het. (2 x 1) (2)

1.3.3 Verduidelik hoe die stelling wat die swart polisiebeampte gemaak het die optrede van die wit polisiebeampte weerspreek (betwis) in die konteks van die gebeure wat op 16 Junie 1976 in Soweto ontvou het. (2 x 2) (4)

1.3.4 Identifiseer enige DRIE plekke genoem in die bron waar studente gaan skuiling soek het nadat die polisie begin skiet het. (3 x 1) (3)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik waarom jy dink die redakteur van *The World*-koerant besluit het om hierdie artikel op die voorblad te publiseer. (1 x 2) (2)

1.4.2 Watter boodskap dra die woorde, 'POLISIE SKIET ONS KINDERS PLAT', met verwysing na die Soweto-opstande, oor? (1 x 2) (2)

1.5 Bestudeer Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die bewyse in Bron 1D ondersteun met betrekking tot hoe die apartheidspolisie op 16 Junie 1976 op studente in Soweto gereageer het. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die reaksies op die instelling van Afrikaans as 'n verpligte onderrigtaal in swart Suid-Afrikaanse skole in 1976 verduidelik. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD VAN POLITIEKE AKTIVISTE, SOOS LENNY NAIDU, HANTEER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens Nelson Mandela, was daar 'n behoefte om die WVK te stig? (2 x 1) (2)

2.1.2 Definieer die konsep *versoening* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.1.3 Verduidelik waarom jy dink De Klerk aangevoer het dat die WVK tot 'n 'heksejag' kon lei. (1 x 2) (2)

2.1.4 Maak 'n lys van DRIE menseregteskendings in die bron wat die WVK moes ondersoek. (3 x 1) (3)

2.1.5 Verduidelik tot watter mate jy saamstem met die WVK se besluit om menseregteskendings te ondersoek wat deur beide die bevrydingsorganisasie en die apartheidsregime gepleeg is. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui wanneer en waar Lenny Naidu vermoor is. (2 x 1) (2)

2.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom Leslie Naidu die woorde 'waarheid' en 'geregtigheid' verskeie kere tydens sy getuienis gebruik het. (2 x 2) (4)

2.2.3 Verduidelik waarom jy hierdie bron as bruikbaar sou beskou wanneer navorsing gedoen word oor hoe die WVK die proses van die aanhoor van slagoffergetuienis onderneem het. (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Noem enige DRIE MK-agente in die bron wat op 8 Junie 1988 deur die veiligheidstakpolisiemanne in Mpumalanga in 'n lokval gelei is. (3 x 1) (3)

2.3.2 Waarom, volgens die bron, het De Kock besluit om die MK-agente in 'n lokval te lei? (1 x 2) (2)

2.3.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink De Kock 'n 'Makarov-pistool op die liggaam van Lenny Naidu en 'n handgranaat in een van die vroue se sakke geplant het'. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2B die inligting rakende die moord van Lenny Naidu in Bron 2C ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom Tutu vir De Kock vra: 'HET JY DIE MISDADE GENOEM WAARVOOR JY OM AMNESTIE AANSOEK DOEN?' (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie die moord van politieke aktiviste, soos Lenny Naidu, hanteer het. (8)
**[50]**

**VRAAG 3: WAT IS DIE VERSKILLENDE MENINGS RAKENDE DIE IMPAK VAN GLOBALISERING OP ONTWIKKELENDE LANDE?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat aandui dat globalisering ontwikkelende lande gehelp het. (2 x 1) (2)

3.1.2 Watter TWEE instellings, volgens die bron, het ontwikkelende lande aangemoedig om radikale veranderinge te maak? (2 x 1) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe Indië en China daarin geslaag het om armoedevlakke in hulle onderskeie lande te laat afneem. (2 x 2) (4)

3.1.4 Definieer die konsep *globalisasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Noem TWEE gevolge wat handelsbeskerming op ontwikkelende lande gehad het, soos in die bron genoem. (2 x 1) (2)

3.2.2 Verduidelik die impak wat handelshervormings op die ekonomieë van Indië en Colombië gehad het. (2 x 2) (4)

3.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom armer lande nie teen globalisering gekant was nie. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3A die bewyse in Bron 3B ondersteun rakende die invloed wat globalisering op ontwikkelende lande gehad het. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3C.

3.4.1 Wat, volgens Pravin Gordhan, was een van die belangrikste dryfkragte van ongelykheid in Suid-Afrika? (1 x 1) (1)

3.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy hierdie bron as bruikbaar sou beskou wanneer die invloed wat globalisering op ontwikkelende lande gehad het, nagevors word. (2 x 2) (4)

3.4.3 Verduidelik wat jy dink Gordhan bedoel het met die stelling, 'globalisering (het) eintlik tot wenners en verloorders gelei', in die Suid-Afrikaanse konteks. (2 x 2) (4)

3.4.4 Waarom, volgens Gordhan, is die term 'radikale ekonomiese transformasie' dikwels skeef voorgestel? (1 x 2) (2)

3.5 Bestudeer 3D.

3.5.1 Identifiseer die land op die grafiek wat die volgende aandui:

(a) Die grootste ongelykheidsgaping (1 x 1) (1)

(b) Die kleinste ongelykheidsgaping (1 x 1) (1)

3.5.2 Volgens die bron, wat is Suid-Afrika se telling (%) op die Gini-indeks? (1 x 1) (1)

3.5.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die verskillende faktore wat tot die ekonomiese gaping in ontwikkelende lande bygedra het. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die impak te verduidelik wat globalisering op ontwikkelende lande gehad het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Die oproep tot sanksies deur die anti-apartheidsbewegings in die 1980's was die enigste vorm van internasionale protes wat betekenisvol tot die uiteindelike val van die apartheidsregime bygedra het.

Stem jy met die stelling saam? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die 30ste herdenking van die onvoorwaardelike vrylating van Nelson Mandela uit die Victor Verster-gevangenis is in 2020 gevier. Hy het geglo dat 'onderhandelinge en nie oorlog nie, die hoofbestanddele' vir die stigting van 'n demokratiese Suid-Afrika was.

Bespreek hierdie stelling krities. Gebruik relevante bewyse vanaf 1990 tot 1994 om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Verduidelik tot watter mate die ineenstorting (val) van kommunisme in die Sowjetunie grootliks verantwoordelik was vir politieke veranderinge wat na 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**2021**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou* 

## VRAAG 1: WAT WAS DIE REAKSIES OP DIE INSTELLING VAN AFRIKAANS AS 'N VERPLIGTE ONDERRIGTAAL IN SWART SUID-AFRIKAANSE SKOLE IN 1976?

### BRON 1A

Die bron hieronder fokus op die Departement van Bantoe-onderwys se besluit om Afrikaans as 'n verpligte onderrigtaal in swart Suid-Afrikaanse skole in te stel.

Die kwessie wat die 1976-Soweto-opstande veroorsaak het, was 'n dekreet (wet) wat deur die Departement van Bantoe-onderwys uitgevaardig is. Die Adjunkminister van Bantoe-onderwys, Andries Treurnicht, het 'n opdrag aan skoolrade, inspekteurs en prinsipale gestuur dat Afrikaans op 'n gelyke basis met Engels geplaas moes word en as 'n onderrigtaal in alle skole gebruik moes word. Hierdie opdrag het onmiddellik negatiewe reaksie by verskeie onderwyserorganisasies en skoolrade, in en buite Soweto, uitgelok.

Die eerste liggaam wat formeel op die instelling van die apartheidsregime se taalbeleid gereageer het, was die Tswana Skoolraad, wat uit skoolrade van Meadowlands, Orlando West, Dobsonville en ander gebiede in Soweto bestaan het. Die notule van die vergadering van die Tswana Skoolraad wat op 20 Januarie 1976 gehou is, lui soos volg:

'Die kringinspekteur het die Raad ingelig dat die Sekretaris van Bantoe-onderwys verklaar het dat alle direkte belasting wat deur die swart bevolking van Suid-Afrika betaal word, na die verskillende tuislande vir onderwysdoeleindes daar gestuur word … In stedelike gebiede word 'n swart kind se onderwys deur die wit bevolking, dit is Engels- en Afrikaanssprekende groepe, betaal. Die Sekretaris van Bantoe-onderwys het dus 'n verantwoordelikheid om beide Engels- en Afrikaanssprekendes tevrede te stel. Gevolglik, as die enigste manier om beide groepe tevrede te stel, moet die onderrigtaal in alle skole op 'n 50-50-basis geskied … Indien skole in die toekoms in 'n taal onderrig wat nie deur die Departement vir 'n spesifieke vak voorgeskryf is nie, sal eksamenvraestelle slegs in daardie onderrigtaal, met geen opsie vir ander tale nie, opgestel word.'

Die Tswana Skoolraad het verskeie pogings aangewend om die Departement van Bantoe-onderwys te oorreed om hierdie beleid te verander, maar dit het misluk. Skoolrade is baie duidelik aangesê dat die taalbeleid geïmplementeer moes word. Die meeste skoolrade het eenvoudig aan hierdie opdrag gehoor gegee …

[Uit www.sahistory.org.za/pages/governance_projects/june16/june16.htm. Toegang op 23 Februarie 2020 verkry.]

**BRON 1B**

Die artikel hieronder is deur Nelvis Qekema geskryf en die titel is 'The June 16 Uprising Unshackled: A Black Perspective' ('Die Junie 16-opstand Ongebonde: 'n Swart Perspektief'). Dit fokus op hoe die filosofie van Swart Bewussyn swart Suid-Afrikaanse studente beïnvloed het om die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal teen te staan.

… Dit maak nie saak hoe pynlik dit is nie, dit is 'n geskiedenisfeit dat die 16 Junie 1976-opstande onder die direkte invloed van die Swartbewussynsbeweging (SBB) plaasgevind het. Die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM), 'n studentekomponent van die SBB, het op 28 Mei 1976 sy algemene studenteraadsvergadering gehou waar die kwessie van Afrikaans as onderrigtaal bespreek is. Die notule van die algemene studenteraadsvergadering het die gees van die vergadering vasgevang en verklaar dat die onlangse boikotte by skole 'n betoging teen die voorbereiding van 'goeie industriële seuns' vir die owerhede was … 'Ons is van voorneme om die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal totaal te verwerp …'

Seth Mazibuko het hierdie getuienis by sy 1977-hofsaak gegee en die volgende gesê: 'Ek het hierdie vergadering op 13 Junie 1976 bygewoon. Verskeie skole van Soweto was teenwoordig. Die hoofspreker het die doelstellings en oogmerke van die SASM aan ons verduidelik. Hy het ook die gebruik van Afrikaans as 'n onderrigtaal bespreek en 'n beroep op die prefekte by ons skole gedoen om na vore te kom en te verduidelik wat die posisie [by hulle skole] was. Ek het opgestaan en aan die vergadering verduidelik dat Phefeni [Junior Sekondêre] School geweier het om Afrikaans te gebruik en dat hulle gedurende Mei 1976 klasse geboikot het.'

By 'n SASM-vergadering op 13 Junie 1976 is 'n Taakgroep gestig. Dit is die Soweto Studenteraad (SSRC) genoem en die leier was Tsietsi Mashinini. 'n Besluit is geneem om op 16 Junie 'n beplande betoging teen die verpligte gebruik van Afrikaans as onderrigtaal in swart Suid-Afrikaanse skole te onderneem.

[Uit http://azapo.org.za/the-june-16-uprising-ushackled-a-black perspective/. Toegang op 23 Februarie 2020 verkry.]

**BRON 1C**

Die bron hieronder fokus op hoe gebeure op 16 Junie 1976 in Soweto verloop het.

'n Groot skare studente het die oggend van 16 Junie 1976 in Vilikazi Street, oorkant Phefeni Junior Secondary School en Orlando West High School in Soweto, bymekaar gekom.

Die groot skare mense het slagspreuke, soos 'Weg met Afrikaans', 'Amandla Ngawethu' (Mag vir die Mense) en 'Bevry Azania', gedreunsing en baie mense gelok, onder meer die apartheidspolisiemag …

Vyf wit polisiebeamptes het sy aan sy in die middel van die pad gestaan en na 'n see van swart gesigte gestaar. Agter hulle het daar nog polisie in uniforms, die meeste van hulle swart en van die onluste-eenheid, gewapen met gewere en saam met honde, uit polisiewaens geklim. Hulle het na die beamptes en die massiewe groep studente in die straat afgestap. Verskeie vroue langs die straat het alles dopgehou. 'Gaan julle ons kinders doodmaak?' het 'n vrou 'n swart polisiebeampte gevra terwyl hy verbygeloop het. 'Nee, daar sal nie 'n geskietery wees nie,' het die beampte kalm geantwoord. 'Die kinders baklei nie met iemand nie, hulle betoog net …'

'n Wit beampte het skielik eenkant toe gestaan, afgebuk en iets wat soos 'n klip gelyk het, opgetel. Hy het toe die voorwerp in die skare ingegooi. Die kinders vooraan die skare het onmiddellik na die kante toe gespat. Hulle het klippe opgetel en weer gegroepeer. Hulle het geskree: 'Power, P-o-w-e-r!' terwyl hulle in die rigting van die polisie beweeg het. 'n Skoot het geklap, toe nog een en nog een in vinnige opeenvolging.

Studente het in alle rigtings gevlug, baie het op die ruie bult agter die twee skole, in agterpaadjies, systrate en huise skuiling gaan soek. Almal het gelyk of hulle erg geskok is. Die studente was verward (deurmekaar) en geskok. Hulle het dit nie verwag nie. Dronkgeslaan het hulle oral in die gebied in groepe gestaan terwyl die gewondes kreunend op die grond gelê het. Motoriste en joernaliste het gehelp om die dooies en gewondes bymekaar te maak en na hospitale te neem.

[Uit *A People on the Boil* by H Mashabela]

**Bron 1D**

Die hoofopskrifte hieronder het op 17 Junie 1976 op die voorblad van *The World*-koerant verskyn. Die titel was 'POLISIE SKIET ONS KINDERS PLAT' ('POLICE GUN DOWN OUR CHILDREN'). *The World*-koerant is hoofsaaklik deur swart Suid-Afrikaners gelees. Dit is vir duidelikheid oorgetik.

*THE*
*WORLD*

Donderdag 17 Junie 1976

**POLICE GUN DOWN OUR CHILDREN**

58 dood
700 beseer
op een dag

[Uit *The World*, 17 Junie 1976]

**<u>Afrikaanse vertaling van die hoofopskrif</u>**

**POLISIE SKIET ONS KINDERS PLAT**

## VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD VAN POLITIEKE AKTIVISTE, SOOS LENNY NAIDU, HANTEER?

### BRON 2A

Die bron hieronder is deur die historikus, Martin Meredith, geskryf. Dit fokus op die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK).

Die wittebrood(fees)-tydperk oor verskille oor hoe om Suid-Afrika se gewelddadige verlede te hanteer, het tot 'n einde gekom. Nelson Mandela was vasbeslote dat menseregteskendings gedurende die apartheidsera deur 'n waarheidskommissie ondersoek moes word. Hy het opgemerk dat die doel nie vergelding (wraak) was nie, maar om 'n soort openbare verantwoordelikheid te gee om te help om die onregverdighede van die verlede te verwyder sodat versoening kan plaasvind. Indien daar nie aan misdade van die verlede aandag gegee word nie, het hy gesê, sal dit met ons 'soos 'n etterende (lopende) sweer saamleef'. FW de Klerk, adjunkpresident in Mandela se regering van nasionale eenheid, het die hele idee afgekeur (gekritiseer), en aangevoer dat 'n waarheidskommissie tot 'n 'heksejag' sal lei wat op regeringskendings (wandade) van die verlede sal fokus terwyl dit die misdade wat deur die African National Congress gepleeg is, sal ignoreer. Dit kon, het hy gesê, waarskynlik 'die steke van wonde wat besig was om gesond te word, los-skeur' …

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) wat in 1995 ontstaan het, is onvermydelik uit ooreenkomste gebore. Die omvang daarvan was beperk tot die ondersoek van growwe menseregteskendings, soos moord, ontvoering en die gebruik van marteling in die vier-en-dertig-jaar-periode vanaf 1960, wat met die slagting by Sharpeville begin het …

Die WVK het die mag gekry om te dagvaar en om te deursoek en beslag te lê en is deur sy eie ondersoekeenheid ondersteun. Daar is vereis dat dit net soveel aandag gee aan menseregteskendings wat deur die vryheidsbeweging gepleeg is, as aan dit wat deur die apartheidveiligheidspolisie gepleeg is. Dit was egter nie 'n geregtelike liggaam of 'n geregshof nie. Dit kon nie vervolgings uitvoer of straf uitdeel nie. Die doel daarvan was nie soseer om oordeel oor toerekenbaarheid (blaam) te vel nie, maar eerder om 'n proses van openbaarmaking te vestig. In ruil vir die waarheid kon oortreders wat na vore gekom het, op 'n individuele basis, amnestie van vervolging verleen word op voorwaarde dat die kommissie tevrede was dat hulle hulle misdade en optrede ten volle onthul het en dat hulle dade met 'n politieke doelwit uitgevoer is. Indien hulle nie na vore kom nie, sou hulle steeds die risiko loop om vervolg te word.

[Uit *The State of Africa* deur M Meredith]

**BRON 2B**

Die bron hieronder is 'n transkripsie (skriftelike rekord) van getuienis wat Leslie Naidu oor die moord van sy broer en studente-aktivis, Lenny Naidu, voor die WVK gelewer het. Die WVK-verhoor is op 30 Julie 1999 by die Durban Christian Centre gehou.

**KOMMISSARIS:** Jy het gekom om ons te vertel van die dood van jou broer, Surendra Lenny Naidu, wat ook in 1988 deur die veiligheidsmagte in Piet Retief om die lewe gebring is. Kan jy asseblief staan om die eed af te lê voordat jy daardie storie aan ons vertel …?

**LESLIE NAIDU:** … Ek kom as woordvoerder vir my familie na die Kommissie om getuienis te lewer oor die gebeure rakende die dood van my broer Lenny. Eerstens, ek was baie bly om van die stigting van die WVK te hoor, en dit was iets waarvoor ons die afgelope 10 jaar gebid en gehoop het en dit is byna 11 jaar sedert ek laas my broer lewendig gesien het. Ons het heeltyd aan waarheid en geregtigheid geglo en dit was iets wat ons beslis gedink het altyd sou wen, of dit vandag, môre of oor 10 jaar sou wees. En dit was hierdie filosofie wat my regtig oor myself laat dink en selfondersoek laat doen het nadat Lenny dood is. Ek het myself eerstens afgevra, wil ek geregtigheid hê aangesien ons aan die filosofie van geregtigheid en skoon spel glo? Wil ek hê dat geregtigheid ten opsigte van die oortreders moet geskied, veral diegene wat geregtigheid toegepas het op die manier waarop dit op my broer en die mense van hierdie land toegepas is? Wil ek dit op presies dieselfde manier uitgedeel hê? En daar was tye dat ek hierdie tipe geregtigheid wou hê, ek wou hierdie reg van die sterkste hê, bloed vir bloed, en 'n oog vir 'n oog, maar gelukkig was daar tye wat ek die waarheid wou weet. En daardie tye wanneer ek die waarheid wou weet, het my in werklikheid in my soeke na geregtigheid gekalmeer. Die waarheid is wat ons almal wil hê en die waarheid, dink ek, is wat ons nou toekom. Die mees sielsdeursoekende deel kom egter ná die waarheid, en dit is vergifnis. Ek moes lank en deurdringend oor vergifnis nadink.

… Maar wat vergewe ek, wie vergewe ek? Dit lyk asof hierdie pad van vergifnis, of hierdie stryd wat ek met vergifnis het, die heeltyd in 'n kring loop. Totdat hierdie pad nie reguit loop nie, sal ek nie kan vergewe nie. Maar deur hierdie Kommissie hoop ek dat hierdie oortreders ons die waarheid, en net die waarheid, sal vertel.

[Uit http://sabctrc.saha.org.za/documents/hrvtrans/durban/56210.htm?t=%2Bnaidu+%2Bsurendra+%E2%80%98%2Blenny%E2%80%99&tab=hearings. Toegang op 12 Februarie 2020 verkry.]

**BRON 2C**

Die koerantberig hieronder fokus op Eugene De Kock se verskyning voor die WVK. Dit is op 26 Julie 1999 deur Archie Mini vir die *Independent Online*-webblad geskryf. Amnestie is nie aan die oortreders vir die moord van die nege politieke aktiviste verleen nie.

Eugene de Kock, die apartheidsluipmoordenaar, het Maandag voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie by die Durban Christian Centre verskyn. De Kock en 14 ander gewese veiligheidstakpolisiemanne het om amnestie aansoek gedoen vir hul betrokkenheid by drie moordinsidente toe hulle binne vier dae in 1988 nege ANC-lede van KwaZulu-Natal vermoor het.

In die eerste insident het Surendra 'Lenny' Naidu (23), Notsikelelo Cotoza (25), Makhosi Nyoka (25) en Lindiwe Mthembu (21) gesterf toe hulle motor die aand van 8 Junie 1988 in Houtkopweg buite Piet Retief in Mpumalanga in 'n lokval gelei is.

Ses mense, Leon William Flores, Jury Bernardus Hayes, Gerrie Johan Barnard, Flip Koenraad Theron, Frederick Johannes Pienaar en Marthinus David Ras, doen saam met De Kock aansoek om amnestie vir die moord op die vier MK-agente wat ongewapen was toe op hulle geskiet is. Die families van die vermoordes staan die aansoek teen.

De Kock het aan Regter Morane Moerane, wat die families van die vermoordes verteenwoordig, vertel dat hy die lokval georganiseer het nadat 'n versoek deur 'n 'mnr. Pienaar', gewese hoof van die veiligheidstak in Piet Retief, aan hom gestuur is 'om hulle te help met 'n operasie in verband met opgeleide ANC-lede wat die land vanaf Swaziland infiltreer (binnekom)'.

'Hulle moes 'n teken met 'n flikkerende linkerflikkerlig gee om ons te laat weet dat die insittendes gewapen was. In albei gevalle is die tekens gegee, volgens De Kock. Om die skiet van ongewapende vegters toe te smeer, 'het ons 'n Makarov-pistool op die liggaam van Lenny Naidu en 'n handgranaat in een van die vroue se sakke geplant'.

'Ons staan die aansoek om amnestie teen,' het Leo Naidu, Lenny se pa, gesê.

[Uit https://www.iol.co.za/news/politics/families-hear-details-of-de-kock-deaths-6097. Toegang op 12 Februarie 2020 verkry.]

**BRON 2D**

Die spotprent deur Zapiro hieronder, beeld uit hoe Aartsbiskop Desmond Tutu, Eugene de Kock se aansoek om amnestie ontvang. Dit het op 13 Maart 1996 in die *Sowetan* verskyn.




[Uit http://www.saha.org.za/news/2013/July/galley eugene de kock.htm.
Toegang op 12 Februarie 2020 verkry.]

**Afrikaanse vertaling**

| | | |
|---|---|---|
| **NAAM?**<br>**EUGENE DE KOCK**<br><br>**AANSOEKE BY DIE WAARHEIDSKOMMISSIE** | **A, MNR. DE KOCK …**<br>**HET JY DIE MISDADE GENOEM WAARVOOR JY OM AMNESTIE AANSOEK DOEN?** | **JA.** |

## VRAAG 3: WAT IS DIE VERSKILLENDE MENINGS RAKENDE DIE IMPAK VAN GLOBALISERING OP ONTWIKKELENDE LANDE?

### BRON 3A

Die berig hieronder fokus op hoe globalisering die ekonomieë van ontwikkelende lande beïnvloed. Dit is deur F Hamdi geskryf en die titel is 'The Impact of Globalisation on Developing Countries' ('Die Impak van Globalisering op Ontwikkelende Lande'.

Globalisering help ontwikkelende lande om hul ekonomiese groei te verhoog en om armoedeprobleme in hulle onderskeie lande op te los. Ontwikkelende lande kon in die verlede nie die wêreldekonomie benut nie as gevolg van handelsbeperkinge. Hulle kon nie dieselfde ekonomiese groei as ontwikkelde lande deel nie. Met globalisering het die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds egter ontwikkelende lande aangemoedig om markhervormings te ondergaan en om radikale (drastiese) veranderings te maak deur groot lenings aan te gaan. Baie ontwikkelende lande het begin om stappe te doen om hul markte oop te maak deur tariewe te verwyder en hul ekonomieë oop te maak. Die ontwikkelde lande was in staat om in ontwikkelende lande te belê en werksgeleenthede vir die armes te skep. Byvoorbeeld, vinnige groei in Indië en China het tot 'n afname in wêreldarmoede gelei. Dit is duidelik dat globalisering die verhoudings tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande versterk het …

Globalisering hou baie ekonomiese en handelsvoordele vir ontwikkelende lande in, maar onderontwikkelde lande word benadeel. Byvoorbeeld, globalisering vergroot die ongelykheid tussen ryk en arm omdat die voordele van globalisering nie universeel is nie, rykes word ryker en armes word armer. Baie ontwikkelende lande word bevoordeel uit globalisering maar, aan die ander kant, word baie nasies benadeel. China en Indië het die afgelope twee dekades vinniger as baie ryk lande gegroei. Lande in Afrika het egter nie gegroei nie en het steeds die hoogste armoedevlakke in die wêreld …

[Uit https://www.linkedin.com/pulse/impact-globalization-developing-countries-fairooz-hamdi. Toegang op10 Maart 2020 verkry.]

**BRON 3B**

Die bron hieronder is 'n onderhoud oor globalisering wat deur die Global Business Social Enterprise met N Pavcnik, 'n medeprofessor van Ekonomie by Yale University, gehou is. Die onderhoud is in 2005 in New Hampshire, die Verenigde State van Amerika (VSA), gehou.

**ONDERVRAER:** Is daar 'n manier om in breë trekke te beskryf watter impak globalisering op die armste mense wat in onderontwikkelde lande woon, gehad het?

**N PAVCNIK:** Indien jy oor die afgelope 30 jaar terugkyk, het ontwikkelende lande handelsbeskermingvlakke verhoog, wat daartoe gelei het dat hoër handelsbelemmerings op invoere ingestel (afgedwing) is en tot beperkte invoere bygedra het. Baie lande het in die 1980's en 1990's besluit om van hierdie beskermende beleide ontslae te raak en het grootskaalse handelshervormings geïmplementeer. Byvoorbeeld, Indië het in 1991 handelshervormings ingestel en hulle gemiddelde belasting op invoere het van meer as 80% na 'n gemiddeld van 30% gedaal. Colombië het van 50% tot om en by 13% gedaal. Dit het tot verhoogde handelsbewegings gelei.

Ekonomiese groei is die hoofkanaal waardeur globalisering armoede kan beïnvloed. Wat navorsers gevind het, is dat, in die algemeen, wanneer lande vir handel oopmaak, neig hulle om vinniger te groei en lewenstandaarde neig om te verhoog. Die gewone redenasie is dat die voordele van hierdie hoër groei na die armes sal afwentel. Dit is 'n bietjie uitdagend, veral met kollektiewe (gekombineerde) data, om noukeurig te identifiseer presies hoe armes voordeel getrek het. Een uitdaging is dat wanneer handel of globalisering plaasvind, baie ander faktore, soos tegnologie en makro-ekonomiese omstandighede, verander.

Maar, as alles in aanmerking geneem word, is dit feitlik onmoontlik om gevalle van arm lande te vind wat oor lang tydperke kon groei sonder om handelsgeleenthede te skep. En ons het geen bewyse wat daarop dui dat handel tot verhoogde armoede en 'n afname in groei sal lei nie.

**ONDERVRAER:** Word armoede en ongelykheid as 'n bedreiging vir globalisering beskou?

**N PAVCNIK:** As jy na die meningspeilings kyk wat mense vir hul menings oor globalisering vra, is daar in armer lande minder teenkanting as in ontwikkelde lande. Maar ek dink die bedreiging kan groei as meer mense voel asof hulle uit hierdie proses uitgesluit word of nie voordeel uit die proses getrek het nie.

[Uit https://insights.som.yale.edu/insights/how-has-globalization-benefited-the-poor. Toegang op 10 Maart 2020 verkry.]

**BRON 3C**

Die berig hieronder is deur Lesetja Malope geskryf en het op 28 Mei 2017 in die *City Press* verskyn. Die titel is 'Gordhan Warns that Inequality Could Lead to Revolt' (Gordhan Waarsku dat Ongelykheid tot Opstand Kan Lei'). Dit fokus op die impak wat globalisering op baie lande regdeur die wêreld gehad het.

Die gewese Minister van Finansies, Pravin Gordhan, het gesê dat globalisering een van die groot dryfkragte van ongelykheid in lande soos Suid-Afrika is.

Gordhan het beklemtoon dat met 'n toename in die vlak van stratifikasie (groepering van mense), die kwessie van ongelykheid op die voorgrond van beleide moet wees. Hy het bygevoeg dat nuwe vorme van maatskaplike veiligheidsnette geskep moet word om hierdie maatskaplike en ekonomiese verdeeldhede te verminder.

Die uitwerking van globalisering, soos die verskille in inkomste en werksverlies, het tot toenemende ongelykheid in Suid-Afrika en ander soortgelyke lande bygedra.

'Daar is 'n besef dat globalisering eintlik tot wenners en verloorders gelei het en dat daar groter kennis geneem moet word van wie die wenners is en watter persentasie van die bevolking hulle uitmaak, en wie die verloorders is,' het Gordhan gesê.

Gordhan het ook die kwessie van radikale ekonomiese transformasie aangepak, en gesê dat die term dikwels skeef voorgestel word en dit mislei mense om te glo dat hierdie inisiatiewe (planne) die meerderheid sal help, terwyl dit slegs 'n minderheid bevoordeel. 'Ekonomiese transformasie moet tot die voordeel van al 55 miljoen Suid-Afrikaners wees,' het Gordhan gesê. 'Die ander sal dit in werklikheid op so 'n manier sê dat dit mense mislei … dat as ons hierdie uiterste sogenoemde radikale dinge doen, hulle baat sal vind, maar uiteindelik sal die klein elite (bevoorregtes) baat vind.'

[Uit https://city-press.news24.com/. Toegang op 10 Maart 2020 verkry.]

**BRON3 D**

Die grafiek hieronder toon hoe globalisering tot vergrote ongelykheidsgapings in verskillende lande in die wêreld bygedra het. Dit het op 20 April 2018 in die *Mail & Guardian* verskyn.




[Uit https://mg.co.za/article/2018-04-20-00-finding-wealth-in-a-sea-of-poverty.
Toegang op 10 Maart 2020 verkry.]

**Gini-indeks:** Word gebruik om die inkomsteverspreiding van mense wat in 'n spesifieke land woon, te meet. Indien die Gini-indeks hoër is, beteken dit dat ongelykheidsvlakke hoër sal wees.

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Mashabela, H. 2006. *A People on the Boil: Reflections on June 16, 1976 and Beyond* (Jacana Media)

http://azapo.org.za/the-june-16-uprising-ushackled-a-black perspective/.

http://sabctrc.saha.org.za/documents/hrvtrans/durban/56210.htm?t=%2Bnaidu+%2Bsurendra+%E2%80%98%2Blenny%E2%80%99&tab=hearings.

http://www.saha.org.za/news/2013/July/galley eugene de kock.htm.

https://city-press.news24.com/.

https://insights.som.yale.edu/insights/how-has-globalization-benefited-the-poor.

https://mg.co.za/article/2018-04-20-00-finding-wealth-in-a-sea-of-poverty.

https://www.iol.co.za/news/politics/families-hear-details-of-de-kock-deaths-6097.

https://www.linkedin.com/pulse/impact-globalization-developing-countries-fairooz-hamdi.

www.sahistory.org.za/pages/governance_projects/june16/june16.htm.

Meredith, M. 2005. *The State of Africa.* (Jonathan Ball)

*The World*, 17 Junie 1976

*Kopiereg voorbehou*

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 26 bladsye.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

___________ . __________________________ . __________________________
_____________________________________________ . _________________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
    - Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

## 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:
Die leerder se interpretasie van die vraag
Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante <u>inleiding</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke <u>hoofaspek/liggaam</u> van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante <u>slotopmerking</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie

  ^

- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMENTAAR**

- Die vraag herkenbaar in die antwoord; **Aanbieding**
- Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en baplande argument

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

**VRAAG 1: WAT WAS DIE REAKSIES OP DIE INSTELLING VAN AFRIKAANS AS 'N VERPLIGTE ONDERRIGTAAL IN SWART SUID-AFRIKAANSE SKOLE IN 1976?**

1.1 1.1.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- 'n wet uitgereik deur die Department van Bantoe Onderwys'
- 'Die Adjunk Minister Andries Treurnicht het 'n opdrag aan skool rade, inspekteurs en prinsipale gestuur dat Afrikaans op 'n gelyke basis met Engels geplaas word en moet as onderig taal in alle skole gebruik word' (enige1 x 1) (1)

1.1.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- 'Meadowlands'
- 'Orlando West'
- 'Dobsonville' (enige 2 x 1) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

**Kandidate kan kies TOT 'N MINDERE MATE of TOT 'N GROTER MATE en hul antwoorde substansieer met relevante bewyse.**

**TOT 'N MINDERE MATE**

- Die onderwysers en student het nie Afrikaans verstaan nie
- Die onderwysers was nie gekwalifiseer on verskillende vakke in Afrikaans te onderrig nie
- Om seker te maak dat swart studente nie akedemies vorder soos blanke studente
- Skole het nie bronne soos handboeke in Afrikaans gehad nie
- Dit was 'n vreemde taal wat beide onderwysers en studente moeilik gevind het om te verstaan
- Die beleid was slegs op swart Suid-Afrikaners skole af forseer sonder enige onderhandeling met belanghebdendes in die onderwys
- Enige ander relevante antwoord

**TOT 'N GROTER MATE**

- Die kringinspekteur het die reg gehad om riglyne soos hy dit goed ag te implementer
- Volgens die krininspekteur het die apartheid regering betaal vir die opvoeding van swart Suid-Afrikaanse kinders en daarom het dit die reg gehad om 'n taal beleid in te stel.
- Volgens die kringinspekteur was 'swart kinders' se opvoeding in die stedelike gebiede deur Engels en Afrikaans sprekendes groepe voor betaal en daarom was die 50-50 metode van onderrig regverdig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2)

(4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Aanvanklik het die Tswana skool rade gesoek om duidelikheid te van die Departement van Bantoe Onderwys te kry om 'n einde te bring aan die omstrede taal beleid maar hulle was nie suksesvol nie
- Die skool rade was opdrag gegee om die Departement van Bantoe Onderwys se taal beleid te implementeer en daarom het die meeste van hulle ingegee aan die opdrag
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'Swart Buwussyn Beweging' (SBB)
- 'Suid-Afrikaanse Studente beweging' (SASB) (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

**SASB was van mening dat die instruksie:**

- Om Bantoe onderwys uit te daag
- Het nie die opvoedings behoeftes van swart Suid-Afrikaanse student nagestreef nie
- Was 'n manier om Swart Suid-Afrikaanse studente vir goedkoop arbeidsmarkmark voor te berei (goeie industrïele seuns)
- Dit was 'n metode van indoktrinasie/Taal van die onderdrukker
- Was drakonies, diskriminerend en onsensitief tot die aspirasies van swart Suid-Afrikaners
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Definieer 'n historiese konsep uit Bron 1B – V1]*

- Studente het nie skool toe gegaan nie in protes teen die instelling van Afrikaans as onderrigs taal
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.2.4 *[Vastelling van bruikbaarheid van Bron 1B – V3]*

**Die bron is bruikbaar omdat:**

- Gee perspektief van die invloed van SBB op die opstand van 16 Junie
- Qekema gee insigte oor die redes waarom studente tot protes aksie teen die apartheid regime se taal beleid oorgegaan het oorgegaan het
- Dit gee informasie oor die rolle wat leiers soos Seth Mazibuko en Tsietsi Mashinini gespeel het in die beplanning van die protes aksie wat op 16 Junie 1976 plaasgevind het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 'Phefeni Junior Secondary School'
- 'Orlando West High School' (2 x 1) (2)

1.3.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Weg met Afrikaans'
- 'Amandla Ngawethu' (Power to the People)
- 'Bevry Azania' (enige 2 x 1) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Die swart polisie offisier het aangedui dat geen geweld teen die student gebruik gaan word nie omdat hulle vreedsaam protes terwyl die blanke polisie offisier geweld opgestook het deur 'n klip in die skare te gooi.
- Die swart offisier het 'n nie-geweldadige houding getoon terwyl die blanke offisier geweld gebruik het om die studente uit te lok
- Die swart polisie offisier het nie die studente opgestook nie terwyl die blanke polisie offisier se optrede demonstreer dat hy gewillig was om geweld te gebruik om die studente op te stook
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.4 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'op die ruig heuwel agter die twee skole'
- ‘in steegpaie’
- 'sy strate'
- 'huise' (enige 3 x 1) (3)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- *Die World* koerant het die apartheid regime se gebruik van geweld teen onbewapende studente in Soweto bekend gemaak
- *Die World* koerant het polisie brutaliteit bekend gemaak as gevolg van die moord op ongewapende studente
- *Die World* koerant het die optrede van die minderheids regime aan die res van die wêreld bekend gemaak
- *Die World* koerant het 'n belangrike rol gespeel om die internasionale gemeenskap teen apartheid te mobiliseer
- Die gebeurtenis was betekenisvol/nuuswaardig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Die polisie het geskiet en studente is dood
- Die polisie het buitengewone geweld teen die studente gebriuk
- Die media wou Suid-Afrikaners en die wêreld waarsku rakende se polisie brutaliteit teen ongewapende studente
- Enige ander relevante antwoord (any 1 x 2) (2)

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 1C en 1D – V3]*
- Beide Bronne 1C en 1D noem dat die polisie geweld teen studente gebruik het
- Beide Bronne dui aan dat die polisie studente geskiet en gedood het
- Beide Bronne wys dat die geweld wat deur die polisie gebruik is het baie studente beseer en brutaliseer
- Enige ander relevante antwoord (any 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die Departement van Bantoe Onderwys se besluit om Afrikaans as verpligte onderrigstaal in te stel (Bron 1A)
- Die Tswana Skool Rade het protester teen die gebruik van Afrikaans as onderrigstaal (Bron 1A)
- Die Soweto skool rade het in hul pogings misluk om die Departement van Bantoe Onderwys te oorreed om die implementering van Afrikaans as onderrigtaal te beëindig (Bron 1A)
- Swart Suid-Afrikaanse studente onder die leierskap van SASB het begin om die studente te mobiliseer teen die instelling van Afrikaans as onderrigstaal (Bron 1B)
- SASB het besluit op 'n boikot op 16 Junie 1976 teen die gebruik van Afrikaans in Swart Suid-Afrikaanse skole (Bron 1B)
- Op 16 Junie het studente in Vilikazi Straat bymekaar gekom en slagspreuke geskree om hul afkeuring te wys teen die apartheid regering se taal beleid (Bron 1C)
- Die polisie het reageer op die protes met swaar handigheid en gebruik van geweld (Bron 1C)
- 'n Blanke polisie offisier het die skare uitgelok deur 'n klip na hulle te gooi (Bron 1C)
- Die studente het uit mekaar gehardloop en POWER geskree (Bron 1C)
- Dit het veroorsaak dat die polisie skote geskiet het wat veroorsaak het dat die studente in alle rigtings uitmekaar gehardloop het (Bron 1B)
- Baie van die studente was gewond en ander is dood
- Die polisie optred was gepubliseer op die voorblad van *The World* koerant op 17 Junie 1976
- Die media het ook die moord van onskuldige studente gedurende die Soweto opstande bekend gemaak (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om die reaksie te verduidelik teen die verpligte instelling van Afrikaans as 'n onderig taal in Swart Suid-Afrikaanse skole in 1976.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip om die reaksie te verduidelik teen die verpligte instelling van Afrikaans as 'n onderig taal in Swart Suid-Afrikaanse skole in 1976.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip om die reaksie te verduidelik teen die verpligte instelling van Afrikaans as 'n onderig taal in Swart Suid-Afrikaanse skole in 1976.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD VAN POLITIEKE AKTIVISTE, SOOS LENNY NAIDU, HANTEER?**

2.1 2.1.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'Dat menseregte skendings gedurende die apartheid era ondersoek moes word'
- ‘om ‘n soort openbare verantwoordelikheid te gee’
- 'Om die ongeregtighede van die verlede te verwyder sodat versoening kan plaasvind' (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Verduideliking van 'n histories konsep uit Bron 2A – V1]*

- Seker te maak dat slagoffers en oortreders van gru mense regte skendings vorentoe sal kom en 'n eerlike verklaring van die gewelddade kan gee wat gepleeg was sodat genesing tussen slagoffer en oortreder plaas kan vind
- Om gewese politieke vyande op so 'n manier bymekaar te bring sodat dat dit tot nasie bou en genesing kan lei
- Mense van verskillende politieke sienninge/oortuigings bymekaar te bring wat voorheen nie oor die weg kon kom sodat nasiebou bevorder kan word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- De Klerk het gevoel dat die WVK nie onpartydig met oortreders van gru mense regte skendings gaan wees wanneer dit ondersoek word nie
- Hy het gevoel dat die WVK die gewelddade wat die ANC gepleeg het sal ignoreer
- Hy het gevoel die die WVK ou wonde van die verlede gaan oopmaak waarvoor die Nasionale Party verantwoordelik was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'moord'
- 'ontvoering'
- 'Gebruik van marteling' (3 x 1) (3)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

**Kandidate kan kies TOT 'N MINDERE MATE of TOT 'N GROTER MATE en hul antwoorde substansieer met relevante bewyse**

**TOT 'N GROTER MATE**

- Om te verseker dat die proses regverdig is en nie partydig nie
- Beide die ANC en die apartheid regime was betrokke in die pleeg van gru menseregte skendings daarom moes hulle 'n kans gebied word hom hul saak te stel
- Om die wreedhede van die verlede wat deur die ANC en apartheidsregime gepleeg is, te openbaar met die doel om genesing en versoening te bevorder
- Enige ander relevante antwoord

**TOT 'N MINDERE MATE**

- Die bevrydings beweging en die apartheid regime wou nie verantwoordelikheid vir gru dade wat hulle gepleeg het aanvaar nie en daarom wou hulle nie uit eie wil voor die WVK verskyn nie
- Lede van die bevrydings bewegings en die apartheid regime het voor die WVK verskyn oor hul oortredings om getuienis lewer oor die gruweldade wat hulle gepleeg het
- Bevrydings beweging oortredings was gedoen vir 'n 'goeie rede' om Suid-Afrika te bevry en die veiligheidsmagte het oortredings gepleeg omdat hulle deur die apartheid regime opdrag gegee was .
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- '1988'
- 'Piet Retief' (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Hy was desperaat om presies te weet hoe en waarom sy broer vermoor is
- Leslie wou die waarheid van hoe sy broer Lennie vermoor was weet maar hy was nie seker dat geregtigheid teen die oortreders toegedien sal word nie
- Hy het gevoel dat indien die waarheid vertel word dan kan vergifnis en genesing geskied
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Vastelling van bruikbaarheid van Bron 2B – V3]*

**Die bron is bruikbaar omdat:**

- Dit was aangebied op die datum toe die WVK sessies aan die gang was
- Die bron is ‘n transkripsie van gebeurtenisse wat by die WVK sessies plaas gevind het/Eerstehandse informasie
- Dit gee informasie oor hoe Leslie Naidu en sy familie gevoel het oor die stigting van die WVK
- Leslie Naidu se getuienis soos alle ander slagoffers van mense regte skendings wou die waarheid weet rakende oor hoe hul geliefdes deur die oortreders vermoor was
- Dit toon die ambivalensie (onsekerheid) van hoe Leslie Naidu oor die waarheid teenoor geregtigheid gevoel het rakende die finale uitslag van die moord op sy broer.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- 'Surendra 'Lenny' Naidu'
- 'Notsikelelo Cotoza'
- 'Makhosi Nyoka'
- 'Lindiwe Mthembu' (enige 3 x 1) (3)

2.3.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- 'n versoek was aan hom gestuur deur 'n Mnr Pienaar', gewese hoof van die veiligheids tak in Piet Retief, om hulle met 'n veldtog rakende opgeleide ANC lede te help wat die land vanaf Swaziland binne gekom het' (1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Hulle wou Lenny Naidu betrek dat hy betrokke was met ondermynend aktiwiteite teen die apartheid regering
- De Kock wou die fokus van polisie brutaliteit wegsteek
- Om die misdaad wat gepleeg was toe te smeer
- Om MK soldate wat bewapen en gevaarlik te betrek en daarom was die moord regverdig
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 2B en 2C – V3]*

- In bron 2B het Leslie Naidu die name versoek van die oortreders wie verantwordelik was vir die dood van sy broer, Lenny Naidu terwyl in Bron 2C word die name van die oortreders genoem
- In Bron 2B verskyn Leslie Naidu voor die WVK om uit te vind hoe sy broer Lenny Naidu vermoor was terwyl in Bron 2C verduidelik De Kock hoe Lenny Naidu vermoor was
- Albei bronne dui die plek en datum aan wanneer hy deur die veiligheidspolisie vermoor is
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Eugene De Kock doen aansoek vir amnestie (AANSOEKE TOT DIE WAARHEID KOMMISSIE)
- Tutu wou van De Kock weet watter misdade hy gelys het omdat hy by talle mense regte skending betrek was (HET JY DIE MISDADE GELYS WAARVOOR JY AANSOEK GAAN DOEN?)
- De Kock was betrokke by talle mense regte skendings (LANG LYS VAN MISDADE)
- Zapiro skets Tutu as iemand wat verbaas lyk (gesigsuitdrukking) vir die misdade wat De Kock gepleeg het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Tutu wou hê dat De Kock eerlik die mense regte skendings moes lys wat hy gepleeg het
- Tutu het geweet dat De Kock sal lieg omdat hy 'n berugte reputasie gehad het vir die moorde van politieke aktiviste
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.6 *Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die WVK was gestig om menseregte skendings wat na 1960 gepleeg was te ondersoek (Bron 2A)
- Die WVK was gestig met die oogmerk dat indien nasionale eenheid en versoening gebou moet word, dan moet 'n waarheids opname geneem woord van die 'aard, oorsake en omvang van gru menseregte skending wat deur die apartheid regime tussen 1 Maart 1960 en 10 Mei 1994 gepleeg was (Bron 2A)
- Dit was die oogmerk dan indien die waarheid vertel word dan moet amnestie toegestaan word (Bron 2A)
- Die WVK het geluister na die verklarings van Leslie Naidu wie getuienis rondom die moord van sy broer Lenny Naidu gelewer het (Bron 2B)
- Leslie Naidu het aan die hand gedoen dat die WVK moet die waarheid ondersoek van hoe sy broer dood is (Bron 2B)
- Die WVK het 'n plarvorm geskep waar oortreders getuienis kan lewer rakende hul rol op die moorde van politieke aktiviste soos Lenny Naidu (Bron 2C)
- Eugene de Kock het voor die WVK verskyn en het onthou hoe die MK soldate vermoor was (Bron 2D)
- Die WVK het publieke verhore regoor Suid-Afrika gehou en het aan oortreders die kans gebied om aan te dui hoe politieke aktiviste of vermoor, vermink of verdwyn het (eie kennis)
- Deur beide slagoffers en oortreders toe te laat om ontmoet het die WVK 'n platvorm geskep vir genesing en rekonsiliasie om plaas te vind (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken**:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om te verduidelik hoe die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) met die moord van politieke aktiviste soos Lenny Naidu hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die hoe die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) met die moord van politieke aktiviste soos Lenny Naidu hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip oor hoe hoe die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) met die moord van politieke aktiviste soos Lenny Naidu hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## VRAAG 3: WAT IS DIE VERSKILLENDE MENINGS RAKENDE DIE IMPAK VAN GLOBALISERING OP ONTWIKKELENDE LANDE?

3.1 3.1.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'om hul ekonomiese groei te verhoog'
- 'armmoede problem op te los' (2 x 1) (2)

3.1.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Wêreld Bank'
- 'Internasionale Monetêre Fonds' (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*
- Hulle het hul marke oop gemaak vir beide interne en eksterne handel
- Hulle het tariewe opgeskort om toe te laat dat goedere hul lande binne kom
- Onwikkelde lande het in China en Indië belê wat aanleiding gegee het tot tot meer werksgeleenthede vir die werkloses
- Beleggings van van ontwikkelde lande het bygedra tot ekonomiese groei en die verlaging van armoede vlakke
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3A – V1]*
- Globalisering beteken dat lande meer interafhanklik bekom het en dat mense oor die hele wêreld meer verbind is aan mekaar
- Globalisering het aanleiding gegee tot die monopolie van industië deur groot besighede wat groot winste maak ten koste van ontwikkelings -en onderontwikkelde lande
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Dit gee aanleiding tot die instelling van hoër tariewe op invoere'
- 'aanleiding gee tot beperkte invoere' (2 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Dit het aanleiding gegee tot verminderde balasting in hierdie lande
- Handel het toegeneem en werkloosheid het verminder
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Arm lande het 'n groei in hul ekonomie beleef
- Die lewenstandaarde in arm lande kon verbeter
- Die armes kon baat vind by ekonomiese groei (afwenteling)
- Indië het getoon dat haar gemiddelde belasting vanaf 80% tot 30% gedaal het
- Colombië het 'n daling in belasting op invoere vanaf 50% tot 13% getoon
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 3A en 3B – V3]*
- Bronne 3A en 3B wys dat ontwikkelendelande aangemoedig is om mark hervormings te ondergaan (marke oop te maak en handels grense op te hef)
- Beide bronne dui aan dat globalisering ontwikkelendelande aangemoedig het om radikale veranderings aan hul ekonomies beleide te maak
- Beide bronne dui aan dat ekonomiese groei die hoof manier is van hoe globalisering armoede kan affekteer
- Bronne 3A en 3B dui aan dat globalisering ongelykheid tussen ryk en armes veroorsaak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- 'Globalisering' (1 x 1) (1)

3.4.2 *[Vastelling van bruikbaarheid van Bron 3C – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit beklemtoon die gevare van globalisering en hoe dit bydra to verhoogde vlakke van statifikasie in Suid-Afrika
- Dit noem hoe die uitwerking van globalisering bydra tot verskille in inkomste en werkloosheid en bydra tot ongelykheid
- Dit beklemtoon hoe globalisering aanleiding gee tot wenners (hulle wat ryk geword het as gevolg van globalisering) en verloorders (hulle wat armer geword het as gevolg van globalisering)
- Dit noem dat radikale ekonomies transformasie is misleidend omdat dit voordoen dat dit die meerderheid bevoordeel maar die feit is dat dit net die minder bevoordeel (winners)
- Dit het in die City Press koerant verskyn wat ‘n groot swart Suid-Afrikaanse leserspubliek het wat bewus geword het van die negatiewe impak van globalisering
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- He impliseer dat die minderheid ook deur globalisering bevoordeel is ('die wenners')
- Die minderheid van Suid-Afrikaners het ryk geword as gevolg van globalisering ('die wenners')
- Die meerderheid van Suid-Afrikaners was nie bevoordeel deur globalisering nie ('die verloorders')
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.4 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- 'lei mense om die bos om te laat glo dat hierdie initiatiewe die meerderheid sal help maar dit het net die minderheid bevoordeel' (1 x 2) (2)

3.5 3.5.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

(a) • 'Suid-Afrika' (1 x 1)

(b) • 'Noorweë' (1 x 1) (2)

3.5.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- 60% (1 x 1) (1)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Die oop maak (globalisering) van die Suid-Afrikaanse ekonomie het nie die meerderheid van Suid-Afrikaners bevoordeel nie/produkte van ontwikkelendelande lande het oorbodig geword
- Die liberalisering van ekonomiese beleide het verdeling in die Suid-Afrikaanse samelewing veroorsaak
- Globalisering het veroorsaak dat 'n minderheid ryker geword het (wenners) en die meerderheid t in Suid-Afrika het armer geword (verloorders)
- Globalisering gee aanleiding tot 'n vergrote gaping tussen rykes en die armes wie nog steeds in ellendige armoede lewe.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Globalisering het ontwikkelendelande gehelp om hul ekonomiese groei te verhoog en om armoede te verlaag (Bron 3A)
- Deur globalisering het die Wêreld Bank en Internasionale Monetêre Fonds ontwikkelendelande aangemoedig om mark hervormings en om radikale ekonomiese verandering te ondergaan (Bron 3A)
- Baie ontwikkelendelande het stappe gedoen om hul markte oop te maak (Bron 3B)
- Globalisering het bygedra tot ekonomiese groei wat 'n negatiewe uitwerking op die armes gehad het (Bron 3B)
- Gordhan het aangedui dat globalisering bygedra het tot ongelykheid in Suid-Afrika (Bron 3C)
- Gordhan het verder aangewys dat die regering beleide ontwerp het om die armes te help wat nie deur globalisering bevoordeel is nie (Bron 3C and 3D)
- Globalisering het bygedra dat die minderheid ryker geword het ('wenners') en die minderheid armer geword het ('verloorders') (Bron 3C)
- Globaliseering gee aanleiding tot die uitbuiting van werkers in ontwikkelendelande
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om te verduidelik oor die veskillende siennings oor die impak wat globalisering op ontwikkelingslande gehad het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor oor die veskillende siennings oor die impak wat globalisering op ontwikkelingslande gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip oor oor die veskillende siennings oor die impak wat globalisering op ontwikkelingslande gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saam stem of nie. Indien hulle saamstem dan moet hulle verduidelik hoe die oproep na sanksies deur die anti-apartheid bewegings die enigste metode van internasionale protes was wat aansienlik bygedra het tot die uiteindelike val van die apartheid regime gedurende die 1980s. Indien hulle nie met die stelling saam stem nie dan moet hulle bewys hoe die verskillende metodes van internasionale weerstand bygedra het tot die uiteidelike val van die apartheid regime gedurende die 1980s.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle opstelle insluit:

- Inleiding: Kandidate moet verduidelik of hulle met die stelling saam stem of nie en hul argument met relevante histories bewyse staaf.

UITBREIDING
**Indien klandidate nie met die stelling saam te stem nie moet hulle volgende bespreek:**

- Redes vir die intense druk van Anti-Apartheid Beweging (AAB) gedurende die 1970s en 1980s in reaksie tot PW Botha se hervormings in Suid-Afrika (Kort agtergrond)
- Gedurende die 1980s het die International Defence en Aid Fund (IDAF) noodtoestand aanhoudings befonds/smokkel 200 miljoen in na Suid-Afrika/het 'n network van skenkers geskep wie die vrylating van politieke gevangenisse befonds het/Vanaf Januarie 1985 het die IDAF 16 551 wetlike sake befonds (bv. aanhoudings, algemene wet vervolging van straat aktiviste)
- **Sanksies:** In die 1980s het die Sullivan Beginsel (wat daarop aangedring het dat dat alle werkers van VSA maatskappye gelyk behandel moes word) het die basis gevorm vir die disinvestering veldtog in Suid-Afrika gedurende die 1980s/Studente protest gedurende die 1980s het aanleiding gegee tot die onttrekking van VSA maatskappy/1982 Verenigde Nasies (VN) veroordeel apartheid en roep vir totale sanksies teen SA
  - In 1985 Chase Manhattan Bank bande met SA verbreek/Johannesburgse Aandele Beurs (JSE) sluit vir 4 dae. Die waarde van die rand het met 35% gedaal vanaf 54 tot 34 sent tot die dollar)/In 1985 het die Europese Ekonomiese Gemeenskap nuwe beleggings in SA verban
  - In 1986 het die VSA Kongres 'n wet aanvaar wat alle nuwe beleggings en lone in SA verban/Groot maatskappye soos General Electric, Pepsi Cola, General Motors, Mobil en IBM het opgehou om besigheid met SA te doen/VSA dreig om die verkoop van wapens aan SA te stop/In 1986 het die Anti-Apartheid Wet van die VSA aanleiding gegee dat sommige Europese lande en Japan sanksies teen SA ingestel het/Internasionale banke het vertroue in SA se ekonomie verloor
  - In 1987 het Israel gestem om nie bestaande verdedigingskontrakte te verleng nie/In 1988 het een vyfde Britse en 184 Amerikaanse maatskappy uit SA onttrek as gevolg van druk van hul aandeelhouers/Barclays Bank het hul aandele verkoop asgevolg van druk van die Britse publiek/Die SA ekonomie het aansienlik gekrimp en het 'n skrale 1.1% gegroei

- **Sport Boikotte:** In 1981 het Nieu Zealand protest aaneteken teen die 'rasistiese' Springbok toer/Suid-Afrikaanse Raad van Sport (SACOS) het politieke bande gesluit met met die UDF en COSATU/slagspreuk 'Geen normale sport in 'n abnormale gemeenskap nie'/Teen die laat 1980s was SA uit 90% van wêreld sport verban
- **Kulturele Boikotte:** Internasionale kunstenaars – slegs nie-segregasie gehore/ Kunstenaars teen Apartheid is in Brittanje gestig deur Dali Tambo en Jerry Dammers/Die British Actors' Union Equity het die gebruik van televisieprogramme wat sy lede ingesluit het, verbied/In 1985 het die VSA se 'Artists United against Apartheid' geweier om in Suid-Afrika op te tree en het geld vir bevrydingsbewegings ingesamel/Die 1986 Freedom Festival in Londen is deur 'n gehoor van 250 000 bygewoon/musikante het hul solidariteit met die mense in SA getoon/sprekers van die ANC, SWAPO en die British Anti-Apartheid Beweging het die skare toegespreek
- **Akademiese Boikotte:** Internasionale geleerdes het geweier om na Suid-Afrika te reis/Internasionale drukkers het geweier om Suid-Afrikaanse manuskripte te publiseer. Geen samewerking van geleerders/Internasionale konferensies het Suid-Afrikaanse geleerdes verbied/Buitelandse instellings het Suid-Afrika akademiese toegang geweier/Buitelandse instellings het geweier om Suid-Afrikaanse grade te erken/Buitelandse universiteite het geweier om as eksterne eksaminators op te tree vir tesisse wat by SA universiteite voorgelê is/Trinity College het sy fakulteite verbied om met Suid-Afrikaanse universiteite saam te werk
- **Verbruikersboikotte:** Suid Afrika het 'n ekonomiese resessie gedurende die 1980's beleef/anti-apartheidsgroepe het die publiek aangemoedig om SA produkte te boikot/ Ierse werkers het geweier om vrugte uit Suid-Afrika te hanteer/ Invoer van natuurlike produkte uit Suid-Afrika – steenkool, yster, staal – is verbied
- **Desinvestering:** Dit was as gevolg van die Soweto-opstand en die dood van Steve Biko/Swede was die eerste industriële land wat in SA desinvesteer het/Teen 1984 het buitelandse beleggings in Suid-Afrika met 30% gedaal/Teen 1980 het Brittanje alreeds van die Simonstad marinewerf (hawe) disinvesteer/General Motors en Barclays Bank het uit Suid-Afrika onttrek/In die 1980's het die Suid-Afrikaanse ekonomie gesukkel omdat beleggers die land verlaat het/Die rand is gedevalueer/ Die uitwerking van die AAM het begin om resultate te wys/Tussen 1985 en 1990 het meer as 200 Amerikaanse maatskappye uit Suid-Afrika onttrek/Die Universiteit van Kalifornië het beleggings van meer as drie biljoen dollar uit Suid-Afrika onttrek
- **Die rol van Internasionale Vakbonde:** Die AAM het 'n handelsverbod op SA geplaas/Die Ierse Kongres van Vakbonde het die apartheidsregime in SA teëgestaan
- Politieke en finansiële krisis in SA het aangehou/Westerse nasies het groot druk op SA geplaas om apartheid te beëindig/Die apartheidsregime het geen keuse gehad as om in alle erns onderhandelings met anti-apartheidsorganisasies te begin nie
- **Veldtog om Mandela vry te laat:** Wembley Stadium/Verenigde Nasies/VN Veiligheidsraad en VN Algemene Vergadering het 'n oproep gedoen om die vrylating van Nelson Mandela
- **Die rol van die frontliniestate:** Verskaf basisse vir opleiding van vryheidsvegters; veroordeel Suid-Afrika se apartheidsbeleid by die VN
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**Deur met die stelling saam te stem moet kandidate bespreek hoe die oproep na sanksies deur die international anti-apartheid beweging die enigste metode van protes was wat noemenswaardig bygedra het tot die uiteidelike val van die regime in die 1980s** **[50]**

**VRAAG 5**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kanditate moet krities bespreek waarom Nelson Mandele geglo het dat 'onderhandeling en nie oorlog nie sleutel bestandele' was vir die stigting van 'n demokratiese Suid-Afrika tussen 1990 en 1994

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle opstelle insluit:
Inleiding: Kandidate moet krities die rol bespreek wat onderhandelinge gespeel het om die weg te baan vir 'n demokraties Suid-Afrika tussen 1990 en 1994.

UITBREIDING
- De Klerk kon in 1989 aan bewind – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990
- Die onbanning van politieke en gemeenskapsorganisasies soos die ANC en SAKP
- Die verwydering van beperkinge op COSATU, AZAPO, ens. (Onderhandelinge)
- De Klerk's se besluit om Mandela uit die Victor Verster tronk op 11 Februarie 1990 vry te laat wat die weg gebaan het vir onderhandelinge
- Groote Schuur Minuut, 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet, ANC afvaardiging gelei deur Nelson Mandela, NP afvaardiging gelei deur FW de Klerk) (Onderhandeling)
- Pretoria Minuut, 6 Augustus 1990 (ANC stem in om die wapenstryd op te hef) (Onderhandeling)
- KODESA 1 (19 politieke partye, behalwe AZAPO, KP en PAC/300 afgevaardigers ontmoet) (Onderhandeling)
- Geweld ontplof in dele van die land, soos die Witwatersrand en Natal
- Slegs blanke referendum en die impak (Maart 1992)
- CODESA 2 (2 Mei 1992) stort in duie. Politieke party kon nie ooreenstemmigheid oor n nuwe grondwetlike liggaam en 'n tussentydse regering bereik nie (Onderhandeling)
- NP wou 'n minderheid veto hê terwyl die ANC aandring op 'n tussentydese regering vir nie langer as 18 maande nie en gewone meerderheid
- Boipatong slagting en die gevolge (17 Junie 1992)
- Bisho slagting het die onderhandelingsprose ontwrig (7 September 1992)
- Memorandum van verstandhouding geteken op 26 September 1992 tusen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC) (Onderhandeling)
- Sluipmoord van Chris Hani (10 April 1993) en die impak op Suid-Afrika (Onderhandeling)
- Veelparty Onderhandelings Forum (Onderhandeling)
- Ver-regses (AWB) val die Wêreld Handelsentrum aan en die gevolge
- Sunset Klousiele voorgestel deur by Joe Slovo het die onderhandelings dooiepunt gebreek (Onderhandeling)
- St James slagting deur APLA – Desember 1993
- APLA se aanval op die Heidelberg Tavern (30 Desember 1993)
- Shell House slagting (Maart 1994)
- Verkiesing datum aangekondig, 27 April 1994 (Onderhandeling)
- ANC het die verkiesing gewen en Mandela het die eerste swart Suid-Afrikaanse president geword
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 6

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate dit die ineenstorting (val) van kommunisme in die Sowjet Unie was wat grootliks verantwoordelik was vir politieke veranderinge wat na 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle opstelle insluit:
- Inleiding: Kandidate moet verduidelik tot watter mate dit die val van kommunisme in die Sowjet Unie was wat grootliks verantwoordelik was vir politieke veranderinge wat in Suid-Afrika na 1989 plaas gevind het

UITBREIDING
**Kandidate kan die volgende bullets gebruik indien hul gedagterigting tot 'n grootmate aandui**
- Die Sowjet Unie disintegreer teen die einde van 1989 en word nie langer beskou 'n super moontheid nie
- Komunisme was nie meer 'n ‘globale bedreiging nie'
- Die val van die Berlynse muur 1989
- Suid-Afrika kon nie meer die dreigement van kommunisme gebruik om Westerse steun te verwerf nie
- Suid-Afrika kon nie meer op Westerse ondersteuning staat maak vir haar 'anti-kommunisties standpunt nie
- Wêreld politiek het verander en dit het 'n impak op Suid-Afrika se apartheid beleid
- Die apartheid regime kon nie meer kommunisme gebruik om haar beleid van rasse segregasie te regverdig nie
- Die Nasionale Party se aanspraak dat dit Suid-Afrika verdedig van 'n kommunistiese aanslag het onrealisties geword
- Die Nasionale Party se aanspraak dat dit die Kaapse see roete teen kommunisme beskerm het ongeloofwaardig geword
- TDie VSA en sy bondgenote kon nie meer die apartheid regime ondersteun nie
- Die val van USSR het ook die ANC beïnvloed
- Die USSR kon nie langer die ANC finansiëel ondersteun nie omdat dit bangrot was
- Die USSR wou nie meer die ANC met wapens ondersteun nie omdat dit ten gunste was van vreedsame onderhandeling was
- Die val van die Sowjet Unie het druk op beide die Nasionale Party en die ANC geplaas om met onderhandelinge te begin
- Die Slag van Cuito Caunavale het die Nasionale Party aangemoedig om met onderhandelinge met kommuniste te begin oor die onafhanklikheid van Namibië
- Dit was duidelik dat die Nasionale Party regering nie meer blanke regering oorheersing onbepaald kon handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die ontwikkeling van 'blanke' ekonomies belange is nie
- Daar was geen twyfel dat die voorgesette onderdrukking van swart Suid-Afrikaners nie politieke stabiliteit sou handhaaf nie

- Die regering het begin glo dat hervorming moet die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas insluit wat moes dien as 'n 'buffer teen 'n 'rewolusie'
- Die veiligheidsmagte en daaropvolgende noodtoestande het nie township (swart woonbuurte) opstande gestop nie
- Teen die laat 1980s was die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n depressie toestand
- PW Botha het 'n beroerte aanval gekry en was opgevolg deur FW de Klerk
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid was nie 'n sameswering wat uit Moscow beheer was nie
- Dit het De Klerk instaat gestel om met bevrydingsorganisasie te onderhandel om 'n blywende oplossing vir Suid-Afrika te kry
- Op 2 February 1990 het De Klerk die onbanning van alle anti-apartheid organisasies aangekondig en dit het die weg gebaan vir veel party onderhandelinge
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**Indien kandidate tot 'n mindere kies om te verduidelik, moet hulle hul argument substansieer met relevante bewyse.** **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou